

**18 Mei**

**Skrifgedeelte: Rigters 16**  
**Fokusgedeelte: Rigters 16:15-17**

### **Waak teen verleiding**

Simson, die nasireër, moes die verbondsvolk se toewyding aan God afbeeld. Die verbondsvolk se lewensgeheim was, net soos dié van Simson, die feit dat hulle aan God toegewy was. Die vergelyking gaan verder. Net soos Simson het die volk ook tot hulle heidense bure aangetrokke gevoel. Simson begin met prostitute omgaan. So word hy simbool van die volk se owerspel met die heidense afgode.

Uiteindelik moes Simson kies tussen sy liefde vir die Here en sy liefde vir die heidense Delila. Toe Simson nog dink dat hy met 'n speletjie met Delila en die Filistyne besig was, verloor hy al sy krag en sy oë word uitgesteek. Hy is ook nou saam met die heidene in die duister! As ons wat veronderstel is om in volle toewyding aan God te lewe met die wêreld en die goddeloses begin heul, sal ons onverwags gevangenes in die greep van Satan wees en in totale duisternis beland.

Daar is egter tyd vir bekering. Daar in die gevangenis kom Simson tot sy sinne en hy besef dat hy sy lewensgeheim, 'n toegewyde lewe aan God, weggedobbel het. Hy gaan staan by die pilare van die tempel van Dagon. Hy pluk die afgodsdienste se fundamente uit! Hy sterf self om sy volk van die onderdrukking van die goddeloosheid te bevry. Ja, tog is hy 'n tipe van Christus wat sy lewe vir sy volk aflê.

*Sing: Psalm 107:8,9*

*Ds DJ de Kock (Pietersburg-Suid)*